Publication: Burger (Kaap Stedelik)
Date: Thursday, September 14, 2017
Page: 8

## KRAGSTASIES EN STERFTES:

# Steenkool dra 'n baie hoë prys

## Duisende SA'ers ly aan asma, brongitis

**Die dodelikste**

- Medupi dra na raming tot die **dood van 364 mense** by. Baie mense wat in Lepalale naby Medupi woon, ly aan chroniese asma en brongitis. Medupi se geëksternaliseerde koste word op sowat R5 miljard per jaar bereken.
- Matimba (ook by Lepalale) dra by tot **262 sterftes** per jaar;
- Kendal by Ogies dra by tot **210 sterftes** per jaar;
- Lethabo by Vereeniging dra by tot **204 sterftes** per jaar;
- Matla by Kriel en Tutuka by Standerton dra by tot **192 sterftes** elk per jaar.

Elise Tempelhoff

Minstens 2 200 Suid-Afrikaners sterf jaarliks weens die lugbesoedeling wat steenkoolkragstasies veroorsaak. Boonop kos siektes weens die besoedeling Suid-Afrikaanse belastingbetalers R30 miljard per jaar.

Dié bevindings is gemaak in navorsing wat gedoen is deur die Britse kenner dr. Mike Holland oor luggehalte en die impak wat dit op Suid-Afrikaners se gesondheid het.

Holland het verlede week sy bevindinge aan amptenare van die departement van omgewingsake oorgedra en dit Vrydag aan die portefeuljekomitees oor omgewingsake en gesondheid voorgelê.

Holland het op uitnodiging van die nieregeringsorganisasie groundWork die afgelope twee jaar navorsing gedoen oor die gesondheidsimpak van steenkoolkragstasies op Suid-Afrikaners.

Volgens Holland ly duisende mense, onder wie baie kinders, aan brongitis en asma.

Die behandeling van die siektes en die feit dat mense in hospitale opgeneem word en gevolglik van die werk af wegbly, kos die belastingbetaler jaarliks sowat R30 miljard.

Holland se bevindings is opgeneem in die verslag "Health Impacts of Coal Fired Power Plants in South Africa".

Hy het onder meer bevind van

**R30 mjd.**

**Die behandeling van dié siektes en die feit dat mense in hospitale opgeneem word en gevolglik van die werk af wegbly, kos die belastingbetaler jaarliks sowat R30 miljard.**

die 2 239 sterftes onder Suid-Afrikaners per jaar is 157 weens longkanker, 1 110 weens hartprobleme, 73 weens chroniese obstruksie van die slagare, 719 weens beroerte en 180 weens onderste lugweginfeksie.

Die verbranding van steenkool en die lugbesoedeling wat daaruit spruit, dra jaarliks by tot chroniese brongitis, waaraan soveel as 2 781 volwassenes en 9 533 kinders van 6 tot 12 jaar oud ly.

Weens die besoedeling word gemiddeld 2 379 mense jaarliks in hospitale opgeneem.

Volgens Holland dra al dié siektes by tot 3 972 902 werkdae wat verlore gaan.

Die R30 miljard sluit nie die groot impak in wat steenkoolstof op die besoedeling van die omgewing het nie.

Holland wys daarop dat geweldige hoeveelhede steenkoolstof daagliks in die lug vrygestel word deur oopgroefmyne en die vervoer van steenkool.

Dit sluit ook nie die waterbesoedeling in wat die steenkoolmynbedrywighede veroorsaak nie.

Holland het in sy verslag ook die geskatte gesondheidsimpak van Eskom se individuele kragstasies op grond van hul uitlaatgasse gemeet.

Hy het aan beleidmakers gesê dié bevindings is nie uit die duim gesuig nie en hulle moet dit in ag neem wanneer hulle oor Suid-Afrika se toekomstige energiebeleid besluit.

Melissa Fourie, uitvoerende direkteur van die Sentrum vir Omgewingsreg, het gesê die regering is besonder traag om op te tree teen besoedelende kragstasies.

Dit begin al hoe meer lyk asof die regering die omgewingsgeregtigheid waarop mense aanspraak maak, doelbewus oortree.

Die regering se traagheid om op te tree ontneem mense die reg op lewe.

Bobby Peek, uitvoerende direkteur van groundWork, het gesê dit is nou die tyd om oor te skakel van die vuil opwekking van krag wat mense doodmaak na skoon en hernubare krag.

Fourie het bygevoeg as die regering nie teen die besoedelende kragstasies optree nie, sal gemeenskappe geen ander keuse hê nie as om hulle op die howe te beroep.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.